Beskerming van Inligting (POPIA):

Vrywaring deur AfriNuus:

AfriNuus, ’n mediahuis, verwelkom u graag by sy amptelike webtuiste, www.afrinuus.com. U mag ook herlei word vanaf www.afrinuus.co.za.

“AfriNuus” se naam is as ’n sakeonderneming gereserveer by die Kommissie vir Intellektuele Eiendom en Maatskappye (CIPC).

Deur hierdie webtuiste te besoek, erken jy dat jy die volgende gelees het en aanvaar die vrywaring van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), soos uiteengesit hier onder.

AfriNuus sal alle nodige maatreëls tref om sy gebruikers se persoonlike inligting te beskerm en vir die doel van hierdie vrywaring sal dit "persoonlike inligting" genoem word, omskryf soos uiteengesit in die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (“PAIA”) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (“POPI”).

Die PAIA- en POPI-wette is aanlyn beskikbaar by www.gov.za/documents/acts. Die wysigings gelys op www.acts.co.za kan aanlyn by https://www.acts.co.za/protection-of-personal-information-act-2013/index.html besigtig word.

Volgens hierdie definisies verwys persoonlike inligting na inligting wat u identifiseer of spesifiek met u verband hou, byvoorbeeld jou naam, van, ouderdom, geslag, kontakbesonderhede, identiteitsnommer en jou e-posadres. Dit word byvoorbeeld gebruik wanneer jy inteken tot ons nuusbrief.

AfriNuus versamel, stoor en gebruik die gebruiker se inligting hoofsaaklik vir die volgende doeleindes:

- Om versoekte inligting aan die Gebruiker te kommunikeer.
- Om dienste aan die Gebruiker te verskaf soos deur die Gebruiker versoek.
- Om die gebruiker te verifieer.
- Om die gebruiker toegang te gee tot beperkte bladsye op hierdie webtuiste.
- Om nie-persoonlike inligting wat verband hou met statistieke, soos Google Analytics, oor blaaigewoontes saam te stel, klik patrone en toegang tot AfriNuus se webtuiste.

Wanneer jy www.afrinuus.co.za of enige ander geaffilieerde webtuiste van AfriNuus besoek, ’n aansoekvorm invul, inskryf tot ’n kompetisie, ’n navraag rig, ons kontak op enige elektroniese platform of een van die dienste of fasiliteite wat deur ons aangebied word, gebruik, sal ons jou persoonlike inligting afhaal indien u ’n versoek aan ons rig. AfriNuus se kontakvorm kan hiervoor gebruik word of ’n e-pos kan aan nuus@afrinuus.com met u versoek gestuur word.

Die inligting wat ons in stand hou oor ons kliënte word gestoor in databasisse wat ingebou is met voorsorgmaatreëls om die privaatheid en vertroulikheid van u as gebruiker te verseker.

AfriNuus aanvaar geen aanspreeklikheid hoegenaamd vir enige verlies, skade (hetsy direk, indirek, spesiaal of gevolglik) en/of uitgawes van enige aard hoegenaamd wat mag ontstaan as gevolg van, of wat direk of indirek toegeskryf kan word van die inligting wat op hierdie bladsye of skakels beskikbaar gestel word, of aksies of transaksie wat daaruit voortspruit nie.

Die wette van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) sal deur alle bepalings en voorwaardes van enige produkte en dienste wat AfriNuus bestuur, afgedwing word. Indien u dienste deur AfriNuus se nuusspan aanvra, stem u hiermee in en onderwerp u aan die jurisdiksie van die howe in Suid-Afrika met betrekking tot alle verrigtinge, aksies, aansoeke of dergelike wat deur elkeen ingestel is.

Alle berigte, wat deur AfriNuus geskryf of uitgereik word, het kopieregte op, en mag nie gedupliseer of versprei word, in enige formaat of wyse, tensy toestemming van AfriNuus verkry is nie.

Kommentaarbeleid

AfriNuus is 'n Afrikaans nuusmaatskappy wat die publiek van noodsaaklike inligting wil inlig.
Ons moedig jou aan om met ons te kommunikeer deur opmerkings, foto's en video's te deel, hetsy op ons webtuiste, per e-pos, sosiale media platforms, of enige ander wyse.

AfriNuus is egter 'n maatskappy wat die reg voorbehou om enige kommentaar van enige volgeling te verwyder wat aan enige van die volgende kriteria voldoen:

• Beledigend, lasterlik, dreigend, aanvallend, rassisties of onwelvoeglik;
• Oortree enige wet of regulasies;
• Gemorspos (Spam);
• Pogings om AfriNuus of sy volgelinge te werf;
• Bevat skakels na kwaadwillige sagteware (phishing, spyware, ens.);
• Is op enige wyse vals of misleidend;
• Bied 'n botsing van belange aan
• Bevat skakels na enige van bogenoemde; of
• Voldoen nie aan ons se Bepalings en Voorwaardes nie.

Dit is die beleid van AfriNuus om te verseker dat ons die privaatheid van ons joernaliste en verteenwoordigers beskerm. Ons het die reg om enige volgeling se kommentaar te verwyder, aangesien kommentaar nie geredigeer kan word nie. Ons het ook die reg om IP-adresse of persone wat ons sosiale media platforms besoek, en enige van die bogenoemde maatreëls oortree, sonder waarskuwing te blokkeer.

AfriNuus behou die reg voor om inhoud in sy uitsluitlike diskresie te verwyder.

AfriNuus kan wel nie waarborg dat elke kommentaar, wat ons voorwaardes oortree, afgehaal word nie. Gebruikers kan aanstootlike kommentaar aan ons deur ’n persoonlike boodskap rapporteer, of dit deur Facebook se rapporteer-hersieningspan laat gaan.

Privaatheidsbeleid

Vertroulikheidswaarskuwing:

Alhoewel e-posse nie gewaarborg kan word om veilig of vry van foute of virusse te wees nie, het ons redelike voorsorgmaatreëls getref om die akkuraatheid en integriteit van ons kommunikasie, insluitend elektroniese kommunikasie, te verseker.

Ons aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir enige onderskepping, korrupsie, verlies van vernietiging, laat aankoms of onvolledigheid van of gepeuter of inmenging met enige van die inligting vervat in hierdie kommunikasie of vir die verkeerde aflewering of nie-aflewering daarvan om watter rede ook al of vir die effek op enige elektroniese toestel van die ontvanger.

Enige hersiening, heruitsending, verspreiding, openbaarmaking, kopiëring, verspreiding of ander gebruik van, of neem van enige aksie in afhanklikheid van hierdie inligting en/of materiaal deur 'n persoon of entiteit anders as die beoogde ontvanger(s), is verbode en kan onwettig en 'n skending van kopiereg wees.

Verder is die inligting en/of materiaal wat in hierdie boodskap oorgedra word slegs bedoel vir die persoon of entiteit aan wie dit gerig is en kan vertroulike en/of persoonlike inligting en/of materiaal bevat.

Privaatheidsbeleid:

Ons maak gebruik van Google Analytics, Facebook Analytics en derde party platforms om nie-persoonlik identifiseerbare inligting met betrekking tot demografie en belangstellingsverslaggewing in te samel, suiwer vir marknavorsing. Jy kan onttrek deur na https://tools.google.com/dlpage/gaoptout/ te gaan en stappe te volg wat verskaf word.